# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade: Ronde 2

Graad 11:

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Agter elke familiestamboom lê verhale van aanpassing, uitdagings en oorwinnings binne die groter ekonomiese en sosiale landskap van Suid-Afrika. Nou is dit jou beurt om jou familie se unieke storie van reis en vestiging te ontdek en te vertel!

Elke familie se geskiedenis vorm deel van die groter geskiedenis van Suid-Afrika. Persoonlike ervarings, migrasie, ekonomiese veranderinge en historiese gebeure het oor geslagte heen families gevorm. As historikus is dit jou taak om hierdie verhaal krities te ondersoek, te interpreteer en binne die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis te plaas.

**Wat jy moet doen:**

Voer ’n onderhoud met ’n ouer, grootouer of ouer familielid oor jul familie se geskiedenis. Vul hierdie inligting aan deur foto’s, amptelike dokumente, koerantberigte, familiebriewe of ander betroubare historiese bronne te raadpleeg. Gebruik jou navorsing om ’n historiese opstel van 1 000 tot 1 500 woorde te skryf.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Geografiese oorsprong en migrasie:** Waar kom jou familie oorspronklik vandaan? Ontleed die ekonomiese, politieke en sosiale faktore wat hul vestiging of migrasie beïnvloed het.

- **Genealogie en familiegeskiedenis:** Identifiseer die belangrikste persone in jou familie se geskiedenis en verduidelik hoe hul besluite en omstandighede die ontwikkeling van latere geslagte beïnvloed het.
- **Familie-erfenis en identiteit:** Watter tradisies, waardes en verhale is oor geslagte heen bewaar? Ontleed hoe hierdie erfenis jul familie-identiteit vandag vorm.
- **Ekonomiese ontwikkeling:** Watter beroepe, ondernemings of ambagte het jou familie beoefen? Bespreek hoe groter ekonomiese veranderinge soos industrialisering, verstedeliking of ekonomiese krisisse hul lewe beïnvloed het.
- **Historiese gebeurtenisse en veerkragtigheid:** Watter belangrike historiese gebeurtenisse het jou familie direk of indirek geraak? Ontleed hoe hulle hierdie uitdagings aangepak het en watter langtermyngevolge dit gehad het.
- **Persoonlike refleksie:** Watter nuwe perspektiewe het hierdie navorsing jou oor jou familie, Suid-Afrika se geskiedenis en jou eie identiteit gegee?

**Wenk vir ’n uitstekende opstel:**

Integreer persoonlike herinneringe met historiese bewyse en verwys na meer as een bron. Toon dat jy die verband tussen individuele ervarings en groter historiese prosesse verstaan. Skryf logies, gebruik toepaslike historiese terminologie en ondersteun jou gevolgtrekkings met bewyse.

***Of***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Historiese ontwikkeling word dikwels bepaal deur sleuteloomblikke waar besluite die verloop van die geskiedenis verander. Kies een historiese gebeurtenis wat jy vanjaar bestudeer het en ondersoek hoe die geskiedenis moontlik anders sou verloop het indien daardie gebeurtenis ’n ander uitkoms gehad het.

**<u>Wat jy moet doen:</u>**

Skryf ’n historiese opstel <u>van 1 000 tot 1 200 woorde</u> waarin jy ’n histories geloofwaardige alternatiewe verloop van geskiedenis ontwikkel.

**Jou opstel moet die volgende insluit:**

- **Historiese konteks:** Beskryf die politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede waarin die gebeurtenis plaasgevind het.
- **Die historiese keerpunt:** Identifiseer die spesifieke besluit, gebeurtenis of uitkoms wat jy sou verander.

- **Motivering:** Verduidelik waarom hierdie oomblik volgens jou die grootste invloed op die verloop van die geskiedenis sou hê.
- **Historiese ontleding:** Ontleed die kort- en langtermyngevolge wat hierdie verandering op mense, regerings, ekonomieë en gemeenskappe sou hê.
- **Invloed op die moderne wêreld:** Verduidelik hoe hierdie verandering Suid-Afrika en/of die internasionale gemeenskap vandag sou beïnvloed.

**Wenk vir 'n uitstekende opstel:**

Jou alternatiewe geskiedenis moet histories geloofwaardig wees en op deeglike navorsing berus. Gebruik historiese feite, logiese redenasie en kritiese ontleding om jou argument te ondersteun. Kreatiwiteit word aangemoedig, maar dit moet altyd deur historiese bewyse ondersteun word.

**Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.**

Die dokument moet 'n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***EN***

## Fase 1: Video- Geskiedenis leef

Geskiedenis leef voort in die hede, in elke beeld, argitektoniese styl of monument in die uithoeke van jou dorp of provinsie! Hier is jou geleentheid om daardie lewende geskiedenis as 'n ware historiese navorser vas te vang.

**<u>Wat jy moet doen:</u>**

Besoek ’n monument, standbeeld, historiese gebou of baken in jou omgewing. Neem ten minste twee foto’s van die baken terwyl jy die struktuur bestudeer. Maak ’n kreatiewe video <u>van 3 tot 5 minute</u> waarin jy vir ons meer vertel van hierdie baken in jou omgewing. Wat is die historiese gebeurtenis agter hierdie baken, hoekom is dit van belang in julle gemeenskap en wat beteken hierdie baken nog vandag?

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou video te gee:**

- Die naam, ligging en geskiedenis van die baken.
- Wie dit ontwerp of opgerig het en die historiese doel daarvan.
- Die belangrikste historiese persone, gebeurtenisse en datums wat met die baken verband hou.
- Die simboliek van die monument of gebou en hoe verskillende gemeenskappe dit moontlik verskillend kan interpreteer.
- Waarom hierdie baken steeds relevant is en watter uitdagings die bewaring daarvan in die gesig staar.

**Wenk vir ’n uitstekende video:**

Gebruik foto's, historiese dokumente, kaarte of ander visuele materiaal om jou aanbieding te ondersteun. Demonstreer nie net jou kennis van die geskiedenis nie, maar ook jou vermoë om die betekenis en relevansie van die baken krities te evalueer. ’n Goed gestruktureerde, oorspronklike aanbieding met deeglike navorsing sal jou video onderskei

**<u>Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!</u>**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk *:* https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

<u>Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :</u>

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**